Reinheid

G. J. du Preez 072 1876 067

Reinheid of Afgesonderdheid

Waar het reinheid begin? Wat beteken reinheid? Is reinheid nodig en hoekom? Waarvoor staan reinheid? Die soort vrae wat die uitverkore / Yashar'EL verwar. Kom ons doen eksegese sodat antwoorde daarop kan wees.

Reinheid het natuurlik sy oorsprong gekry in die tuin van Eden toe YAH Adam eenkant en alleen geskape het weg van die ander wesens (*Gen.1:26; 2:7; Maleagi 2:15*). Hoekom? Want Ha satan was vanaf die uitwerping op die aarde altyd teenwoordig in YAH se skepping (Open.12:9). Ha satan versoek altyd en probeer om YAH se werke af te breek (Joh.8:44). Daar was ook die seuns van VADER wat wetsoortreding gedoen het toe hulle met die Adamitiese vroue gemeenskap gehad {*en daar was toe reuse*} (Gen.6:4). Die reinheid / egtheid is verbreek en die boosheid *(met sy slegte*) het na vore gekom.

Om terug te gaan na Adam; hy is geformeer uit stof om presies soos YAH te lyk (Gen.1:26). YAH het Sy verteenwoordiger (*Adam*) daar geplaas dat daar geheers kan word oor Sy skepping. Ha satan was jaloers op Adam en dit wat hy ontvang het {min wetend was YAH bewus van sy jaloesie} (Open.12:5,6). Deur die Skrif kan ons lees hoe VADER en YAH (*SY Seun*) die bloedlyn van Adam suiwer gehou het sodat SY Seun YAH as "SHA" (*Losser*) gebore kon word as 'n suiwer wese (Ps.132:11). Vir YAH is 'n gesin en familie baie belangrik, want deur jou familie geslagsregister kan jy terugkyk na reinheid en suiwerheid in jou bloedlyn (Mat.26:63, 64).

YAH sê dit duidelik in Jes.45:18 dat die doel van die aarde is om bewoon te word. Daar is plek vir almal uitgewys en grense daar gestel (Deut.32:8,9). Abraham met sy swerftog het op 'n stadium tussen die Kanaäniete gewoon. Die dag toe Isak (*sy seun*) vrou soek het Abraham een van sy dienaar na sy familie gestuur om vir sy seun 'n vrou te neem {*soos ons hier in Suid Afrika*} (Gen.24:3,4). Ons ken die geskiedenis (*van Isak en Jakob*) dat daar net sewentig siele na Egipte getrek het (Ex.1:1-5). Vier honderd en dertig jaar daarna het die familie gegroei tot oor die "drie miljoen". Met volk planting *(belofte van YAH aan Abraham*) was die uitverkore-volk uit Egipte uitgelei na hulle bestemming (1 Pet.2:9-10; Jes.61:3). By die berg Sinai het ons as volk / vrou met YAH in huwelik getree dat ons Sy eiendom / vrou is. Op Sinai het ons die Wette,Insettinge en Gebooie ontvang(Neh.9:13; Eseg.16:8).

YAH sê duidelik dat die Wet vir ons bedoel was; Dat daar afsondering moet wees tussen Yashar'EL en die kinders van die land / wêreld (Lev.24:22; Ps.147:19, 20; Ex.12:38). YAH sê ook in die wette dat die ongeregtigheid van die vaders strafbaar sal wees en wel na die volgende geslag oorgedra sal word {*Nie dat die volgende geslag gestraf sal word nie, maar dat hulle nie die voordele sal hê wat hul voorvaders wel gehad het nie*} (Num.14:18). Daar het nooit weer ander verordeninge bygekom om ander volkere in te sluit nie (Mat.5:17-19).

Afgesonderdheid is duidelik uitgewys in Deut.7:6 waar YAH ons as eiendomsvolk uit al die ander volkere uitverkies het (Lev.20:26). In Amos.3:2 waarsku YAH Sy volk dat Hy eerste by Sy uitverkorevolk besoeking gaan doen voordat Hy oor sal gaan na ander volke.

YAH was voor die aardse grondlegging reeds dié Gesalfde (Jon.17:24). YAH was in VADER se plan om vir HOM 'n nageslag te verseker (Mal.2:15; Mat.25:32-34; 1 Pet.1:19-2; Luk.1:55). Die 'erfdeel' staan op baie plekke in die Woord, maar die uitverkore volk / twaalf seuns van Jakob het dit toe nog nie in besit geneem nie, want YAH het aan hulle eers die voorwaardes gestel indien hulle dit wel in besit sou neem (Ex.23:31-33). Toe die volk uit Egipte getrek het, het daar baie andere met gemengde bloed ook saamgetrek wat vir die Yashar'EL net probleme veroorsaak het (Ex.12:38); Soos die goue kalf waarvan dood gevolg; Die aarde wat oopgegaan het; Die plaag wat hulle getref het { *Pínehas se spies het die Midianitiese vrou en die* Yashar'EL *man deurboor weens verbastering}* (Ex.23:33; Deut.7:3,4,6).

In Josua. 23:11-12 sê YAH duidelik: "moenie afwyk" van julle volk na ander nasies toe nie. In Rig.9:2-3 en 8-14 sê dit ook duidelik dat dieselfde gebeente en vlees oor hulle moet heers. Jare later nadat die volk die beloofde land in besit geneem het, het hulle onophoudelik YAH geterg en vele-maal in ballingskap geval. Weens hulle hardnekkigheid het YAH hulle as een volk verdeel in twee. Beide het straf ontvang waarvan die tien stamme verstrooid geraak het onder vreemde volkere. Die twee oorblywende stamme (*Juda en Benjamin*) *'wat in ballingskap na Babel gegaan het'* het koning Kores van Persië aan die Juda en Benjamin stam opdrag gegee om terug te gaan sodat hulle weer die huis van hulle YAH kon bou (2 Kron.36:23). Met die bou wou ander volkere ook help *'wat geweier was deur hulle'* (Esra.4:3;Neh.2:19-20). Met voltooiing van die muur bou het Esra daar aangekom en sy kleure geskeur {*en geween*} weens die verbastering wat hy gesien het. Met Esra se woorde het die volk hulle self verootmoedig en al die vreemde vroue met hulle kinders terug gestuur (Esra.10:2-3; 10-12). Met die lees van die Wet het die volk hulself "gereinig" en afgesonder (Neh.13:1-3).

Telkemaal het VADER die boodskap deurgegee dat die uitverkorevolk hul nie moet beswaar met ander volke rondom hulle nie. Die ander volke wat weggestuur was smee listige planne teen die uitverkorevolk van VADER. Hulle {*Ha satan*} mikpunt is om Yashar'EL tot niet te maak tot op vandag (Ps.83:4, 5).

Toe YAHUSHA 'n draai op aarde kom maak het, het Hy ander volkere gereeld diere name gegee om dit duidelik te laat verstaan hoe Hy oor hulle voel of wat Hy oor hulle sê {*adders, honde, jakkalse, ens.*} (Open.22:15)

Nog ‘n voorbeeld is waar YAHUSHA gewandel het saam met Sy dissipels toe ‘n Kananése vrou Hom lastig geval het. Eers het Hy haar nie geantwoord nie omdat sy ‘n Kanaäniet was. Sy was desperaat en het voor YAHUSHA neergeval en gesmeek dat Hy haar moet aansien. Hy het haar toe aangespreek en vir haar gesê: *Dit is nie mooi van jou (as hond) om die brood (Woord) wat ek aan My verlore kinders wil gee aan jou as ‘n ander volk te gee nie* (Mat.15:24-27). Sy het aan YAHUSHA ‘n goeie antwoord gegee deur te sê; *Ja Meester, maar ons as ander volkere ontvang darem die krummels wat van die tafel afval* (Mat.13:34).

Opsommend met al die versverwysings van bo is die antwoord voor die handliggend:
Dit wat YAH geskep en geskape het, (*met VADER se teenwoordigheid*) het Hy genoem dat dit baie goed was (Gen.1:31). M.a.w. Suiwer skoon en rein was alles bo, op of onder die aarde deur YAH (*Seun van VADER*) daar gestel. Hy het opdrag gegee dat dit wat HY daar gestel het moet gaan en vermeerder (*Geen verbastering was toegelaat nie, want daardeur bekom dit iets wat nie voor VADER kan verskyn nie*).
Ex.20:14 en Deut.5:18 staan “egbreek” wat reg is in die sin dat die oorspronklike skepping nie sy egtheid mag verloor nie. Daarom is dit makliker verstaanbaar as ons sê geen verbastering nie.
Hos. 4:1,2 Hoor die woord van ~~die HERE~~ VADER, o kinders van ~~Israel~~ Yashar’EL! *Want ~~die HERE~~ VADER het ‘n regsaak met die inwoners van die land, omdat daar geen trou en geen liefde en geen kennis van ~~God~~ Skepper in die land is nie. :2 Hulle sweer en lieg en moor en steel en pleeg owerspel; hulle breek in, sodat bloedbad aan bloedbad raak.* Hier word die breek van VADER se Wet duidelik uitgehaal deur die mens se “owerspel” sodat bloedbad aan bloedbad raak (Verbastering m.a.w.).
Matt. 5:27,28 Julle het gehoor dat aan die mense van die ou tyd gesê is: Jy mag nie egbreek nie. :28 Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat na ‘n vrou kyk om haar te begeer, reeds in sy hart met haar egbreuk gepleeg het.
Onverstaanbaar is die vers vir baie. Soos bo telkemaal uitgewys word waar reinheid gebreek word en dat YAH baie streng daaroor voel moet ek die verse openbaar:
(1) As ‘n jongman na ‘n vrou kyk wat reeds getroud is en haar begeer, dan oortree hy. (2) As ‘n jongman na ‘n ander volk (*swart of geel bv.*) se vroue kyk buiten sy eie volk, dan oortree hy. (3) As ‘n jongman na ‘n ongetroude meisie kyk wat sy naaste is, en haar begeer, oortree hy nie.
Opsommend beteken dit dat verbastering en onegtheid sal intree (*waar dit in die hart begin*) as jy buite jou naaste (Yashar’EL / Sakser) ‘n vrou wil vat (Deut.23:2).
Tans is ons in Dan.2:33-35 waar die beeld van Nebukadnésar bewaarheid word. Die vermenging / verbastering van die gees en vleeslike is tans aan die werke. Bly rein volk van YAH, want Hy is rein Lev.11:44,45; 19:2; 20:7,26;